

Sing vooraf staande: Psalm 103:5 (p. 505)

5 Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie / of ewiglik die toorn teen ons behou nie,
want wie kan dra Gods eewige gramskap – wie? / Hy sal met ons nie na ons sondes handel,
ons nie vergeld die boosheid van ons wandel; / Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 73:7 (p. 368)

7 Maar nou, hoe anders is dit my! / Gods heiligdomme ingelei,
straal my 'n ander ligglans teë; / ek sien hul end ... dis gladde weë
waarop die HEER die voet laat gaan / van boosaards wat Hom trots weerstaan.
Hul wankel al om neer te stort – / 'n bouwerk wat 'n puinhoop word.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 19:7 (p. 84)

7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

Psalm 32:1 (p. 151)

1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Skriflesing: 2 Korintiërs 11 en 2 Tessalonisense 2

Teks: 2 Korintiërs 11:14

En geen wonder nie! Want die satan self verander hom in 'n engel van die lig. (2 Korintiërs 11:14 AFR53)

2 Tessalonisense 2:4b

... sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is ... (2 Tessalonisense 2:4b AFR53)

Dis baie moeilik om die satan te hanteer, want hy lieg nie net nie – hy het altyd 'n stukkie van die waarheid iewers beet.

- Met hierdie stukkie van die waarheid speel hy asof dit die hele en die enigste waarheid is.
- Dis waarom dit somtyds so moeilik is om te kan onderskei wat die waarheid in sekere sake is.

Die satan probeer met alles in sy mag om die leuen as die waarheid aan te bied sodat ons van God af moet wegbuig.

- Daarom moet ons op so 'n manier lewe dat ons voortdurend besin of die dinge wat ons doen, en die dinge wat die lewe aan ons bied, die eer van die ware God dien.
- Die satan maak dit sy saak om op te let hoe gelowiges se verhouding met die Here is.

Ons lees veral op twee plekke in die Bybel daarvan.

- Die een keer is met die beproewinge oor Job.
 - Toe die engele in die hemel voor God staan om aan Hom verslag te doen, toe staan die duiwel ook daar.
 - Hy weet presies hoe goed die verhouding tussen God en Job is.
- Die ander keer is in Sagaria 3, toe die satan in die hemel gestaan en die hoëpriester aangekla het.

Uit hierdie twee gedeeltes leer ons dat die satan twee dinge doen:

- Die satan luister na die engele se verslae om te kan weet wat besig is om te gebeur in God se raad.
- Verder is hy gou by die Here om gelowiges te gaan aankla wanneer hy op hulle sondes afkom.

U moet egter baie fyn oplet na sy werksmetode.

- Hy maak by ons altyd gebruik van 'n swak aanbieding van die waarheid om die Here se betroubaarheid te skend.
- Die oomblik wanneer hy ons vertrou in die Here geknak kry, mislei hy ons om sondes te doen.
 - Die Here skryf in 2 Korintiërs 11:3 dat die duiwel presies hierdie metode gebruik het om Eva te verlei, en dat hy vandag nog gelowiges op hierdie manier mislei.

Toe die satan die mens verlei het om in sonde te val, was een van sy beweegredes dat hy die aanbidding wat die mens aan God gee, vir homself wou hê.

- Vandag is sy metode nog steeds dieselfde.
- Al hoe meer hy ons met sy gebuigde eerlikheid oorhaal om volgens sy standarde te lewe, al hoe meer neem hy God se posisie in ons lewe in.

Dis presies wat in 2 Tessalonisense 2:4 staan.

- Die duiwel wil in God se tempel sit en maak asof hy God is.
- Die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, kruip in die kerk weg, leer die Bybel hier.

Die duiwel het nog steeds dieselfde swakhede as wat hy aan die begin gehad het:

- Hyself kan nie iets oorspronklik uitdink nie.
- Hy besit ook geen inisiatief nie – hy gebruik altyd God se Woord en hy kruip daaragter weg. Toe hy Jesus in die woestyn versoek het, het hy ook elke keer tekste uit die Bybel aangehaal.

Die Here Jesus het ook al voorspel dat die duiwel in die laaste dae met hierdie werksmetode vorendag sal kom.

- Jesus het gesê baie sal onder sy Naam kom en sê: Dit is Ek! (Lukas 21:8).
- Die mense sal vir hierdie valse predikers en hulle evangelies val, want die Here leer in Markus 13:21 dat die mense sal kom en sê:

Kyk, hier is die Christus! of: Kyk, daar! (Markus 13:21 AFR53)

Hierdie mense is almal voorlopers van die antichris. Die duiwel gaan dus in die kerk inkom en maak asof hy God is.

Dit skep 'n groot probleem, want die satan se aanslag het twee eienskappe wat dit uiters moeilik maak om agter te kom wanneer dit hy is en wanneer dit God self is wat aan die woord en werk is.

- Die eerste is dat hy met gedeeltelike waarheid kom – hy verswyg soms iets en ander kere verdraai of bevraagteken hy dinge, maar sy vertrekpunte is altyd die waarheid self.
- Die tweede is dat die aanslag uit 'n rigting kom waarvandaan ons hom nie verwag nie: hy kom in die kerk asof hy God is.

Die ware gelowige sal egter die probleem kan uitsorteer, al is dit met baie moeite, want daar staan in 2 Tessalonisense 2:6 die woorde: **Julle weet wat hom teëhou.**

- Julle weet!
- Dit gaan dus hier oor geloof, want 'n ware geloof is ook 'n gewisse kennis.

Hierdie kennis kan ons net op een plek kry, en dis uit die Bybel onder die leiding van God die Heilige Gees.

- Die Bybel is God se besondere openbaring.
- Die ware gelowige se onderskeidingsvermoë word dus in hierdie geweldige verskanste aanval van die duiwel geborg deur kennis wat God die Heilige Gees in hom werk.
- Deur die wering van die Heilige Gees in hom kan die ware gelowige dus deur die kamoefling van die duiwel sien.

Die bewys vir hierdie stelling vind ons in Matteus 13:19:

As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die bose en roof wat in sy hart gesaai is. (Matteus 13:19 AFR53)

As jy nie kennis het nie en jy verstaan nie die ware evangelie nie, dan neem die duiwel die waarheid van jou af weg. 2 Korintiërs 4:3-4 sluit hierby aan:

Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie! (2 Korintiërs 4:4 AFR53)

Die gedeelte wat ons gelees het – 2 Tessalonisense 2:12 – leer presies dieselfde ding: God stuur die krag van die dwaling om die wat die waarheid nie geglo het nie, te verlei. U moet beseft hoe maklik en prakties die duiwel hierdie verleidingswerk van hom doen. Kyk na 'n paar voorbeelde uit die Bybel:

- Hy hits Dawid aan om die volk te tel – teen God se bevel in. Dit gebeur en straf volg! (1 Kronieke 21:1)
- Ons lees in 1 Tessalonisense 3:5 dat Paulus navraag doen of die versoeker (satan) die gemeente van Tessalonika nie al versoek het en hulle prediking tot niet gemaak het nie. Die duiwel werk dus onder sekere omstandighede met 'n hele gemeente!
- Die duiwel versoek ook ons gebrek aan selfbeheersing! (1 Korintiërs 7:5)

Wat die satan se aanslag nog moeiliker maak, is die feit dat hy dit in die laaste dae sal doen met wonders en tekens. Dis die dinge waarmee u gekonfronteer gaan word.

- In die gedeelte wat ons gelees het, staan geskryf dat die satan homself in die kerk openbaar met allerhande kragtige dade en tekens en wonders.
- Hy gaan dus lyk soos die Here self, want wie anders sal in die kerk die soort dinge doen?

Dit gaan baie moeilik wees om hierdie dinge uitmekaar te rafel as dit op stuk van sake kom.

- Die saak word nog moeiliker, want die satan werk ook nog deur mense – hy het 'n volledige stel profete in die kerk.
- Ons lees van hulle deur die hele Bybel: Hulle is daar van die vroegste jare af en hulle sal daar wees tot wanneer die Here op die wolke kom.

Wat nou? Ons wil kom Feesnagmaal vier, en mens wil nie aan die nagmaaltafel kom aansit en jy weet nie wie is wie op die godsdiensterf nie!

Die Here gee aan u die volgende troos:

- Die Here Jesus het die satan met sy kennis van die Bybel verslaan toe die duiwel Hom versoek het.
- Die Here Jesus het die duiwel elke keer daarop gewys dat dit nie al is wat daar in die Bybel staan nie – daar staan meer dinge geskryf as net die teks wat die duiwel aanhaal, en mens moet alles saam lees.

U het mos die Bybel. En u het ook mos die Heilige Gees wat u lei. U het al die middele wat God gee.

- Wat meer is, is die feit dat Jesus Christus al klaar die duiwel se mag gebreek het.
- Met elke optrede van Jesus is die duiwel tree vir tree verslaan, totdat Jesus selfs met majesteit uit die graf opgestaan het om sy heerskappy oor die satan te bevestig.

Die Here gaan dit met die nagmaal ook weer aan u bevestig.

- Hy gaan u weer daarvan verseker dat u as gelowiges teen die duiwel staande bly in die krag wat Hy verwerf het.
- Nagmaal leer dat God reeds die oorwinning aan u gegee het. Ons moet dit net met verantwoordelikheid besef, aanvaar en benut.

Al gooi die satan ook 'n derde van die sterre op die aarde, soos wat dit beskryf word in Openbaring 12:4, dan nog oorwin die Here Jesus hom en al sy engele (Openbaring 12:9).

- Daarom lees ons in Lukas 10:18 dat die satan soos 'n bliksem uit die hemel geval het.
- Die Here openbaar selfs aan ons waarom dit so is: Hulle het geveg en die duiwel en sy engele is deur Migael, die aartsengel, uit die hemel uitgedryf – so finaal dat daar nooit weer vir hulle plek in die hemel is nie.
- Die duiwel is deur die Here self verslaan. Dis waarom hy soos 'n weerlig uit die hemel geval het en hyself ook nie meer toegang tot die hemel het nie.

Luister nou na die troos.

- Al kom die satan self in die kerk in en maak asof hy God self is – hy kom as 'n verloorder hier aan.
- Hy is nie God nie en hy het teen God verloor. Die tyd is al amper hier dat God hom finaal gaan vernietig.

Dis asof die Here die satan nou maar in dieselfde kategorie as 'n wilde dier tel, want daar staan in 1 Petrus 5:8 dat die satan nou soos 'n brullende leeu rondgaan om alles te verskeur wat in sy pad kom.

- Hy het die mag om te verwoes, maar selfs daarin is hy heeltemal ingeperk.
- 'n Deel van sy verwoestingswerk is dat hy voorgee dat hy 'n engel van die lig is om daarmee mense te probeer verlei.

U sal hom elke keer uitken – miskien nie altyd maklik nie, maar as u God en sy Woord ken, sal u die duiwel ook uitken.

- 'n Deel van Jesus se genade is dat die Heilige Gees u nooit verlaat nie.
- Hy bly by u met insig en onderskeidingsvermoë.
- God laat sy kinders nooit in die steek nie.

Maar nou moet u ook luister na die oordeel in hierdie saak. Die Bybel leer dat daar halfhartige gelowiges is. Vanselfsprekend is hulle agtelosig met hulle geloofslewe. Daarom staan daar in die Bybel dat die satan die ware evangelie by hierdie mense kom steel, en dit met 'n valse een vervang (Matteus 13:19, 39).

Hier staan in die Bybel dat die Tessalonisensers mos weet wat dit is wat die duiwel nog terughou. U het gehoor wie dit is wat die antichris terughou en waarom. Jesus Christus en God die Heilige Gees hou hom terug totdat die verkondiging van die Woord sy volle loop oor die aarde geneem het. Kom ek stel dit anders: Jesus Christus hou die koms van die antichris terug totdat die kruisdood en die opstanding van die Here sy volle uitwerking het onder die uitverkorenes in hierdie wêreld.

Vers 11 en 12 stel nog 'n saak duidelik – 'n baie minder aangename saak: die antichris word deur die Here in sy diens gebruik. Die antichris is wel teen die Here, maar daarmee dien hy die Here daarin dat hy al die wat nie in die kerk hoort nie, agter hom aan uit die kerk uit weglei. Hy volvoer dus 'n suiwerende funksie in die kerk.

Dit kan nooit oor die gelowiges kom om verlei te word nie, want die Here openbaar duidelik in vers 13 dat Hy ons uitverkies het om van die eerstes te wees wat gered word. Ons wat in die laaste tye van die bestaan van die wêreld gereedmaak om nagmaal te vier, moet weet dat ons deeglik sal moet besin, en biddend aankom nagmaaltafel toe – met die ware geloof in die Here Jesus Christus as die ewige God en Verlosser.

Die aanspraak van hierdie gedeelte is dus dat u God voluit moet aanbid – vermeerder jou kennis uit sy Woord. Leef sodat jy altyd toets en besin. Maak seker dat jy die satan se voorkoms betyds onderskei en jou lewe dan tot eer van die ware God reg leef.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 36:1 (p. 178)

- 1 Die boosheid van die bose man – / my diepste hart getuig daarvan: / "Gods vrees is uit sy oë."
Hy vlei homself, in kwaad verstyf, / dat God sy snode wanbedryf / vir altyd sal gedoë.
Bedrog en onreg is sy woord. / Hy gaan in sy onwysheid voort / en vrees geen bose handel.
Hy maak by nag sy planne reg, / en kom dan op die sondaarsweg / om in sy kwaad te wandel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 12 Oktober 2014